



SÊ JOU SÊ! KONSEPVERORDENING OP DIE AANHOU VAN DIERE

Die Stad Kaapstad is besig om die Verordening op die Aanhou van Diere te laat afkondig. Die verordening hou verband met onder andere die bestuur van alle dierverwante sake, die toelaat van diere, die verantwoordelikhede van troeteldiereienaars, bepalings ter ondersteuning van die noodsaaklike prosesse om aanvalle deur kwaai honde op persone en ander diere te hanteer, rondloperdiere op strate en in openbare oop ruimtes, die verantwoordelikhede van eienaars met betrekking tot die aanhou van diere en bye, die hantering van steurnisse en klagtes waarby diere betrokke is, die skut van diere en aanvullende skutaangeleenthede in die Stad Kaapstad.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 28 Augustus 2026 tot 29 September 2026 kommentaar, aanbevelings of insette by die munisipaliteit in te dien.

Kommentaar, insette en aanbevelings kan op die volgende maniere ingedien word:

- E-pos: Animalkeeping.Bylaw@capetown.gov.za
- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay
www.capetown.gov.za/collaborate
- Skriftelike voorlegging: Llewellyn Grove, Departement wetstoepassing, Stad Kaapstad, 1ste verdieping, Omniforum-gebou, Van Riebeeckstraat 94, Kuilsrivier, 7590

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdheid leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak die volgende persone: Anathi Dywili by 021 400 9825 of Anathi.Dywili@capetown.gov.za. Die Konsepverordening op die Aanhou van Diere kan by subraadskantore en Stadsbiblioteke besigtig word.

Kontak TableBay.DistrictSDF@capetown.gov.za vir meer inligting oor die konsep-LSDF.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA198/2026



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD